BRUGBOUERS IN GOD SE KONINKRYK
Handelinge 9:1-19

INLEIDING
Ons as Moederkerk Stellenbosch, waag om kerk te wees, ook in Japan. Ons leer vandag oor hoekom ons in Japan is en watter werk ons doen, aan die hand van Paulus se bekeringsverhaal in Handelinge 9 en sy Ou Testamentiese wortels.

VERRAS DEUR GOD SE GEES WAT MENSE TRANSFORMEER
Die herhaling van Paulus se bekerings-verhaal in Handelinge wys duidelik hoe betekenisvol en belangrik dié ervaring was. Paulus se identiteit en rol verander handomkeer in die tweede helfte van Handelinge, van donker na lig.

Soos Paulus is ons geroep geroep om te getuig oor Christus se lig in ons. Elkeen met sy/haar eie bekeringsverhaal: in ons huise en werkplekke, maar dit kring baie wyer uit.

Nadat Paulus Christus as lewende Woord en Lig ontvang het, verskuif sy fokus van ‘n binnekring bediening as een van die Twaalf in Jerusalem, Judea en Samaria, na sy rol om die evangelie deur Klein-Asië, Griekeland en selfs na Rome te neem.

Handelinge 9:15: “…want Ek het hom uitgekies as instrument om my Naam uit te dra na nasies en na konings en na Israel.” Jesus se lig verdryf die donker skaduwees en Sy Heilige Gees se inisiatief word op onverwagte plekke glashelder. Só was die Gees stil-stil aan die werk, deur Filippus die Ethiopiër bymekaar uit bring en só nog 'n lid by die koninkryk en by “die Weg” voeg. Die bepalende faktor is altyd die krag van die Heilige Gees.

PAULUS EN GOD SE LIG, IN CHRISTUS
Een sleutelteks in die Ou Testament wat ons in gedagte moet hou as ons wil verstaan hoe Paulus se identiteit en rol as apostel in Handelinge uitspeel, is in Jesaja 49:6 waar die profeet Jesaja skryf, “Ek gee Jou as ‘n lig vir die nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde.”

Jesaja het die visie gekry amper 6 eeue voor Christus—om die uitverkose volk Israel te bemoedig in ballingskap, want hulle is verward, ontnugter en skepties. Die Here sê vir sy teleurgestelde volk: daar’s ’n groter roeping. Dis onvoldoende om nét Israel te verlos. Daar is ‘n nuwe sending: lig vir *al* die nasies!

’N WYER ROEPING
Hoe het Paulus dié visie van Jesaja verstaan en toegepas? Daar is twee gedeeltes in

Handelinge wat vir ons wys watter betekenis hy heg aan Jesaja se visie. Een is in Handelinge 13:44-48 en die ander in Handelinge 26:22-23.
In beide gedeeltes haal Paulus uit Jesaja 49 aan. Maar let op: hy maak die roeping wat God honderde jare voor sy tyd gehad het — vir Israel, én tegelyk, vir die Messias wat sou kom — van toepassing op homself en sy mede-Christene. Hulle is geroep om te getuig oor die troue liefde van God (hesed) soos Jesaja bevestig (in Jes. 49:7): "ter wille van die Here, Hy wat getrou is, die Heilige van Israel, wat Jou gekies het."

Baie mense was skepties en vol kritiek teenoor Paulus en Barnabas. Veral dié Jode vir wie die goeie nuus van die nuwe verbond met Christus net ondenkbaar was. Handelinge 13: 45,46 sê hulle is "teengestaan" en "belaster", hulle boodskap is "verwerp".

UNIEKE UITDAGINGS IN JAPAN
Hierdie ervaring van weerstand is iets waarmee ons diep kan identifiseer in Japan. Die evangelie word nie sonder meer net altyd as goeie nuus ontvang deur Japannese mense nie. Daar is baie redes daarvoor, waarvan Shintoïsme een is (daar is baie ander: Boeddhisme, Jehova getuies, Mormone en ontelbaar baie ander sektes/filosofieë/godsdienste).

Shintoïsme is 'n unieke Japannese geloof in die keiser as goddelike afstammeling van die son-godin. Basies beskou Japannese mense hulleself as kinders van dié godin van lig (ironies!) en van die keiser van die nasie. Dis hulle diepste identiteit.

Nogtans is dit juis die plek waarheen God Christene roep om te getuig – dis die unieke roeping wat ons deel. Dis waar ons waag om kerk te wees deur te getuig oor God se trou deur Christus: die lig vir die nasies.

Ons fokus is verál om die lang pad saam met mense te stap in 'n land, waar 99 uit elke 100 mense feitlik geen idee het wie Jesus Christus is nie, en die kerk op die rand van die samelewing worstel vir bestaansreg.

Paulus het sy krag in broosheid gevind. Hy was bereid om die dwase boodskap van die kruis te bly verkondig (1 Kor. 1:18).

As dit God behaag het om deur die "dwaasheid" van die kruis en opstanding diegene te red wat glo, wie is ons om op te hou getuig oor hierdie goeie nuus in 'n land met net 1% Christene?

VIR KLEINGROEPE
Raak saam stil in God se teenwoordigheid (met die aansteek van 'n kers as herinnering aan God se lig in Christus).

Lees Handelinge 9:1-19. Dink saam ná en deel iets van hoe jy jou lewe aan die Here oorgegee het (jou bekeringsverhaal en die werk van die Heilige Gees in jou ervaring).

Gesels met mekaar oor die uitdagings en vreugdes, die donker en die lig waar jy werk en leef, en hoe dit jou getuienis as Christen bevorder of belemmer.

Jou roeping is om Christus se lig te weerkaats in woord en daad. Paulus se radikale transformasie het nie by hom as individu ge-eindig nie. Lees Handelinge 13:44-48 en Handelinge 26:22-23, waar hy die groter visie van Jesaja 49 aanhaal. Hoe kan julle as kleingroep se getuienis wyer uitkring en deel raak van die "lig vir die nasies"?